

Inhoud Die wyse waarop ons bid word bepaal deur die geloof in Hom tot wie ons bid. Martin Luther het eers geglo God is regverdig om hom aan te kla en te straf sodat hy moet vergoed vir sy sondes. Daarom het hy gebid as skuldige voor God om by God sy skuld met God te verreken. Toe ontdek hy die evangelie dat God reg is om ons nie aan te kla en te straf vir die sondes wat ons doen nie, omdat Christus in ons plek vir ons die aangeklaagde en gestrafte mens was. God laat ons vir Hom en sy liefde reg wees nog voor ons vra. Daarom kon hy, en ons nou ook soos hy, anders bid. Gebed is vir ons deel van ons dankbaarheidslewe, nie die manier waarop ons van die oordeel en straf van ons sonde verlos word nie. Ons glo deur die evangelie in vergifnis en dan bid ons dankbaar volgens die wet om vergifnis. Ons vra God vrymoedig om ons ons oortredings te vergewe omdat ons geen staf of skuld van God verwag nie.

Liturgie 1. Lofsang Lied 207 verse 1, 2, 5. 2. Evangelielesing 1 Joh. 4: 9, 10, 14 – 16; Lied 245 verse 1 – 3; 3. Wetslesing 1 Joh. 2: 3 –11; Lied 528 4. Lied 219 verse 1 – 3.

Skriflesing Matt. 6: 5 – 15; Rom. 1: 16, 17; 1 Joh. 4: 16-19.

Teks Matt. 6: 12 “en vergeef ons ons oortredings soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree.”

Tema Ons vra God om vergifnis wanneer ons teenoor Hom oortree omdat Hy ons regverdig maak nog voor ons vra.

1. Christus bring een offer vir alle sondeskuld vir altyd! Dit het ons verlede Sondag gesien was die herontdekking van die evangeliegewees met die Reformasie in Frankryk.

Vir ons sondes van die verlede, hede en toekoms, het ons nooit weer enige sondeskuld by God nie. Die kinders, vir al die sondes wat jy nog gaan doen van nou tot jy tagtig jaar oud is, sal jy nooit enige skuld by god hê nie. Want die een offer wat die Here vir sondeskuld gebring het, van alle skuld vir altyd weg.

2. Hoe bid ons as gelowiges nou om vergifnis van sonde, as ons geen sondeskuld by God het nie?

Die verskil in die Bybelvertaling van 1933 en 1983 wys vir ons iets van hierdie verskil in hoe ons nou om vergifnis vra terwyl ons nie skuld vir ons sondes het nie. In die 1933 Afrikaanse Bybelvertaling staan daar in Matteus 6: 12 “en vergeef ons ons skuld soos ons ook ons skuldenaars vergewe.” In die 1983 Afrikaanse vertaling staan daar iets anders: “en vergeef ons ons oortredings soos wat ons ook die vergewe wat teen ons oortree.”

Hier word 'n baie duidelik verskil gemaak in die 1983 vertaling teenoor die 1933 vertaling. Die een stel dat God ons skulde moet vergewe en die ander dat god ons oortredings moet vergewe.

3. Wat is die verskil?

Die verskil gaan oor die ontdekking wat Martin Luther in 1518 oor die Here gemaak het in Rom. 1: 16 en 17. In die Nuwe Direkte Afrikaanse Vertaling lees vers 17 soos volg: "Wat daarin word geopenbaar dat God se geregtigheid geheel en al op geloof berus, soos daar geskrywe staan: "Wie op grond van geloof geregverdig word, sal lewe." Martin Luther was priester in die stadskerk van Wittenberg en professor aan die universiteit van Wittenberg. Hy het sy 95 stellings wat die Reformasie begin het 31 Oktober 1517 teen die kennisgewing bord van die kerkdeur opgesit. Hiermee wou hy graag 'n oop gesprek of debat met elkeen in die stad gevoer het. Die ontdekking van hoe God ons vergeef het hy egter eers ongeveer 5 maande later gemaak in 1518. Dit beteken dat terwyl hy die 95 stellings opgestel het, hy nog nie geweet het hoe God sondes vergeef nie.

4. Ons kan Martin Luther se ontdekking in Romeine 1 vers 1 en 17 van hoe God ons vergewe met 'n voorbeeld vanoggend toelig. Hy het ontdek dat God is nie sy skeidsregter wat reg is nie, maar God is sy afrigter wat reg is om sy afrigter te wees. Hierdie verskil oor of God jou skeidsregter of jou afrigter is, maak ook meteens 'n baie groot verskil in die manier waarop jy bid.

Wanneer God jou skeidsregter is wat reg is, dan moet jy bid dat God jou skulde vergewe soos jy ook jou skuldenaars vergewe. Wanneer God egter jou afrigter is dan kan jy bid dat god jou jou oortredings moet vergewe.

5. Wat is die verskil tussen God wat jou skeidsregter is teenoor God wat jou afrigter is?

Die verskil gaan nie oor ander wette nie. 'n Skeidsregter en 'n afrigter werk nie met twee verskillende soorte reëls vir die spel rugby nie. Hulle werk met presies dieselfde stel reëls.

Die verskil is dat 'n skeidsregter regtig nie in die spelers se spel of in hulle as mense belangstel nie. Dit is vir hom om te ewe of jy sleg of goed speel, of jy presteer of onderpresteer, of jy sukkel of goed speel. Hy stel net belang in die reëls en die gang van die spel, nie in jou as mens nie.

Hy dwing hierdie reëls af met 'n fluitjie en met oordeelskaarte. Met sy fluitjie wys hy die skuldige uit. Hy blaas en kom staan voor jou en wys jou as die skuldige uit. Dan straf hy jou vir die skuld wat jy het met 'n strafskop of 'n strafskrum, of selfs 'n straf drie

Ons vra God om vergifnis wanneer ons teenoor Hom oortree omdat Hy ons regverdig maak nog voor ons vra

teen jou. Met sy kaarte dreig hy jou en veroordeel hy jou. Hy dreig jou met een geelkaart en oordeel jou om die spel te verlaat met sy rooikaart.

6. Dit is hoe Martin Luther as Rooms Katolieke priester en professor eers geglo het hoe God se geregtigheid werk. Hy het eers geglo dat die Bybel wys dat God se geregtigheid beteken dat God reg is om ons vir ons oortredings te straf.

Omdat ons sonde doen, is god reg wanneer Hy ons aankla, beskuldig, veroordeel, vervloek en straf. Want ons het sy wet oortree en daarom is Hy regverdig wanneer Hy ons aankla en straf. Net soos met 'n skeidsregter wat reg is om 'n speler wat oortree te blaas en te straf.

Daarom het Hy geglo God se vergifnis werk so: Hy as die Here is regverdig wanneer Hy jou as skuldig uitwys en straf, wanneer Hy jou met sy wet dreig en veroordeel.

In sy eie beskrywing van sy geloofsontdekking sê hy dat dit die rede was hoekom hy die woorde “God se geregtigheid” gehaat het. Want god se geregtigheid het hom altyd gewys dit is reg dat God hom straf en veroordeel want hy is regtig skuldig voor God.

7. Met hierdie geloof in God as sy skeidsregter wat reg is om hom vir sy skuld te straf, het Martin Luther ook gebid dat God sy skulde moet vergewe.

Dit het hy self in die biegestoel gedoen en ook vir ander vertel om te doen. Jy moet bid om jou skuld met God reg te maak. Dit het toe regtig so gewerk en dit werk vandag nog regtig so dat Rooms Katolieke na die priester gaan omdat hulle skuldig is vir hulle sondes. Dan sê die priester dat as hulle vergewe wil word, moet hulle as straf die “ons Vader” 5 of tot twintig keer toe gaan bid.

Kan julle kinders sien hoe het hy gebid?

Om te bid “ons Vader” was die vergoeding op sy sondeskuld. Hy moes omdat hy voor die Here skuldig is die “ons Vader” bid om nie gestraf te word nie. Hy moet bid “vergeef my my skuld” om nie vir sy skuld gestraf te word nie.

Dit was nie al nie. Wanneer jy nou regtig 'n behoorlike sonde gedoen het, dan moes jy na die stad Rome toe gaan en daar die “Ons Vader” op 'n baie spesifieke manier bid. By die groot katedraal, die Sint Pieters Kerk, is daar nie voor die katedraal net vyf of ses trappe na die kerk toe nie. Daar is sommer maklik 80 of 'n honderd trappe. Dan moes jy, en Martin Luther het dit ook waarskynlik met sy eerste besoek aan Rome gedoen, die “Ons Vader” op elke trap bid terwyl jy so op jou knieë staan en dan op jou knieë na die volgende trap skuif om weer die “Ons Vader” te bid.

Jy moet in hierdie vernedering voor die hele wêreld se mense so bid dat hulle kan sien hoe skuldig jy voor God is.

Ons vra God om vergifnis wanneer ons teenoor Hom oortree omdat Hy ons regverdig maak nog voor ons vra

Op hierdie manier bid jy wanneer God jou skeidsregter is, jy bid terwyl jy skuldig is, deur god aangekla word op so manier dat Hy jou skuld moet wegvat!

8. Hoe praat spelers met skeidsregter wanneer hulle oortree?

Hulle hardloop gou-gou na die skeidsregter en begin eers verskonings of hulle self regverdig vir hul oortreding. As hulle sien dit werk nie, dan begin hulle pleit en soebat om te kyk of hulle nie die straf so lig as moontlik kan maak nie.

Dit is hoe 'n mens bid wanneer jy voor god skuldig is en bid: "vergeef my my skuld"

Jy verskoon jouself by die Here, regverdig jou self voor die Here en dan begin jy soebat, pleit en kerm om die staf so lig as moontlik te kry.

9. Toe maak Martin Luther die groot ontdekking van die Reformasie!

Hy het die boek Romeine in sy lesing in die klasse aan die universiteit behandel en tydens hierdie bestudering van die Bybel ontdek dat God hy god se geregtigheid heeltemal verkeerd verstaan het.

God se geregtigheid in die boek Romeine beteken glad nie dat god reg is om jou aan te kla, te beskuldig, te veroordeel en te straf omdat jy skuldig is omdat jy sy wet oortree het nie. Dit beteken eintlik presies net die teenoorgestelde.

God se geregtigheid beteken dat God reg is om jou nie vir jou sondes aan te kla, te beskuldig, te veroordeel en te straf nie! Want dit is wat god met sondaars doen! Hy kla hulle nie aan nie, beskuldig hulle nie, veroordeel of straf hulle glad nie, al doen hulle sonde. En dit is reg wanneer God dit nie met sondaars doen nie!

Hoe kan dít reg wees?

Want God het die Here Jesus in ons plek aangekla, beskuldig, veroordeel, vervloek en gestraf. Omdat Hy dit met sy Seun vir my sondes gedoen het, doen Hy dit nooit met myself nie. Ek is ingesluit by wat die Vader met Jesus gedoen het en Jesus is ingesluit in al my sondes so wyse dat die Vader Hom as sondaar in my plek behandel het om my as sy geliefde kind in die plek van sy behandel.

God se geregtigheid beteken God is reg om Christus in ons plek as sondaar te behandel en god is ook reg om ons altyd as sy geliefde kinders in die plek van sy Seun te behandel.

Dit is hoe Martin Luther ontdek het God is nie reg omdat Hy sy skeidsregter is nie maar omdat God sy regte afrigter is.

10. Wat doen 'n afrigter met dieselfde reëls anders wat 'n skeidsregter doen?

Dit is nou regte afrigters. Nie afrigters wat dit net maar doen omdat die hoof niemand anders het om dit te doen nie. Ook nie omdat hy besig is om homself vir geld te wil bekwaam nie.

'n Regte afrigter het sy spelers lief! Dit is die werklike groot verskil. Dit gaan vir hom as afrigter oor die spelers. Hy het hulle lief en sien hulle talent en toekoms en wil in sy liefde hulle ook oefen – in die liefde vir die spel.

In hierdie liefde is elke dag 'n oefening in die spel.

Hy wys tereg sonder enige skuld!

Hy wys jou nog steeds op jou oortredings maar hy blaas nie 'n fluitjie teen jou sodat hy jou as 'n skuldige uitwys nie. Hy roep jou om jou te wys wat jy verkeerd en doen en dan gee jou iets wat 'n skeidsregter jou nooit sal gee nie. Hy gee jou tereg wysings. Hy wys jou hoekom dit jy verkeerd. Hy sal sê: “Jy is te haastig en wil alles self doen. Ontspan en vertrou jou medespelers en gee die bal dan reg uit.” Sonder enige beskuldiging of enige straf!

Hy gee jou aanwysings sonder enige oordeel!

Hy sal sê: “Gaan doen dit nou weer tien keer en oefen om nou jouself te vertrou, moenie twyfel aan jou vaardigheid nie, dan sal jy nie oorhaastig wees nie.” Hy wys jou hoe om dit reg te doen. Dit is 'n aanwysing. Dit doen hy sonder enige geelkaart of rooikaart. Jy mag dit tien keer weer verkeerd doen, terwyl jy vyftig keer oefen om dit reg te doen. Jy word nooit van 'n oefenveld af gestuur nie.

Want sy oefenveld is hy wat jou as speler liefhet en as speler koester oefen om hom en die spel lief te hê.

11. Dit verander alles! God wat my liefhet en in sy liefde oefen.

Die wet van God was van die begin af bedoel as die wyse waarop die Here ons wysheid gee, die wysheid hoe om Hom en ons naaste lief te hê. Die wet was nooit bedoel as die middel waardeur God sy mag wil afdwing op hulle wat Hom vrees nie.

Daarom moet u weer hoor wat die apostel Johannes stel in 1 Johannes 4 vers 18. Waar liefde is, is daar geen vrees nie. Waar die liefde wat ons ontvang van God sy volmaakte liefde deur Christus se offers is, word alle vrees uit jou hart vir God verdryf. Wie God vrees, verwag dat God hom nog moet aankla, beskuldig,

Ons vra God om vergifnis wanneer ons teenoor Hom oortree omdat Hy ons regverdig maak nog voor ons vra

veroordeel, vervloek en straf vir sy sonde. Jy kan nie God vrees as aanklaer, beskuldiger, regter en laksman en Hom liefhê nie.

Ons het God lief, omdat Hy ons met 'n eerste liefde liefhet waar Hy reg is om ons nooit ons aanklaer, beskuldiger, regter of laksman is nie, maar net ons Vader.

12. Hoe bid ons anders omdat God ons Vader is en nooit teenoor ons die aanklaer, beskuldiger, regter of laksman word nie?

Ons bid vrymoedig tot die Here : “Vergeef ons ons oortredings.”

Wat sê 'n speler wat saam met sy afrigter oefen en dan foute maak? Hy sê dadelik vir sy afrigter “Jammer meneer”. Hoekom? Want hy weet dat sy afrigter hom nie skuldig hou of sy oortreding toereken as veroordeling nie. Want hy is regtig jammer dat hy oortree. Hy is sommer vies vir homself vir sy oortreding omdat hy besig is om hom te oefen in die leiding en ook verwagting van sy afrigter. Hy is jammer want hy weet hy leef in die liefde van sy afrigter en wil homself daarin oefen.

Die gebed wat die Here ons leer wys hoe dit anders is.

In inleidende woorde van die Here tot die “Ons Vader” wys die Here dat ons nie vra om vergifnis by Hom te bewerk nie. Die Here stel dat “julle Vader weet wat julle nodig het, nog voordat julle dit van Hom vra.” God bewerk en gee nie eers vir ons ons daaglikse brood wanneer ons vra vir ons daaglikse brood nie. Om te vra is ook nie die wyse waarop ons kos kry nie. Dit is net soos kinders wat aan 'n tafel aansit waar die kos klaar gekoop is met die pa se verdiende geld, klaar voorberei is en gereed is vir gebruik, waar kinders dan vra of hulle van die kos op die tafel mag kry. Hulle vra vir dit wat reeds bewerk, voorsien, voorberei en gegee is. Hulle vra om hul eerbied en dank te wys, nie om God aan die gang te kry om te doen wat God moet doen nie.

Tel hierdie woorde “julle Vader weet wat julle nodig het, nog voordat julle dit vra” net vir os of ook vir vergifnis? Dit tel vir die hele gebedslewe van gelowiges!

Die vergifnis wat ons vra, vra ons omdat die Here nog voor ons vra, ons reeds geregverdig het deur sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding. Ons vra Hom om vergifnis wat ons ingesluit het in sy vergifnis. Daarom moet ons goed onderskei tussen hoe ons deel is van vergifnis en hoe ons vra vir vergifnis. Vergifnis is deel van die evangelie – die inhoud van geloof wat ons elke Sondag bely. “Ons glo in God die Vader, sy eniggebore Seun wat vir ons gebore is, gely het, gesterf het, begrawe is, ter helle neergedaal het en opgestaan het uit die dood en ons – glo in die vergifnis van sonde. Om te vra vir vergifnis is deel van ons dankbaarheidslewe volgens die wet, nie die wyse waarop ons deel in die vergifnis nie.

Ons vra God om vergifnis wanneer ons teenoor Hom oortree omdat Hy ons regverdig maak nog voor ons vra

Daarom het die Reformasie die ontvang van vergifnis geplaas onder die tweede deel van die Heidelbergse Kategismus, hoe ons verlos word en gebed, die “ons Vader” onder die wet, die derde deel oor dankbaarheid vir ons vergifnis.

13. Kom ons vat dit weer saam met ons voorbeeld!

Hoe bid ons anders omdat die Here ons regverdig maak deur Christus en reg is om ons nie aan te kla en te straf nie? Ons vra om vergifnis, ons kerm, soebaat en pleit nie vir vergifnis nie.

Ons vra om vergifnis in die vaste geloofsekerheid dat ons nie skuldig is of gestraf gaan word vir ons oortredings nie. Daarom vra ons om vergifnis soos 'n speler wat saam met sy afrigter hom om vergifnis vra: “Ek is jammer meneer” in die wete hy oefen my in sy liefde.

Wanneer God jou skeidsregter is dan bid jy in die vrees dat Hy jou aankla en gaan straf om vergifnis. Dan word die gebed om vergifnis die gekerm, gepleit en gesoebaat van iemand wat skuldig is en gestraf gaan word.

U sien elke week hoe die spelers dit voor skeidsregters doen!

Eers gaan jy na God toe en verskoon jouself en regverdig jou sel vir jou oorreding deur dan eintlik vir Hom te vertel hoe moeilik en onbillik sy wet is, hoe jou oortreding eintlik nie regtig 'n oortreding is nie, maar net 'n onbedoelde fout of glip was. Dan kom die gekerm waarin jy jouself voor God aankla, jouself voor God beskuldig, jouself voor God sleg sê en jouself voor God bestraf in die hoop dat as Hy sien hoe jy dit met jouself doen, Hy dit nie met jou sal doen nie. Daarna kom die gesoebaat om jou nie te straf nie. Alles dinge wat jy doen terwyl jy Hom voor wie jy dit doen eintlik vrees en haat vir hoe jy jouself voor Hom moet verneder!

So bid hulle wat skuldig is terwyl hulle bid om vergifnis!

Ons bid nie tot die Here wat ons Regter, ons skeidsregter is nie. Hy het Hom vir ons die Here gemaak vir wie dit reg en regverdig is om ons nie aan te kla en te straf nie, al doen ons sonde. Hy het voorsien om ons te vergewe nog voor ons vra. Hy is ons Afrigter in ons spel van liefde met Hom – in sy liefde vir ons.

Kom ons vra hierdie Here om ons ons oortredings te vergewe!